G.P.-S.5128578—1958-9—1,000-200. S. T.V. 2/1.

Page
Bladsy

DEPARTMENT OF TRANSPORT.—DEPARTEMENT VAN VERVOER.

Division of Civil Aviation.—Afdeling Burgerlugvaart.

AERADIO BRANCH.—TAK LUGVAARTRADIO.

# TELECOMMUNICATION LOG.—TELEKOMMUNIKASIELOG.

001.

Circuit
Kring NO 8 JASMYN W/STELLE.

Station and Callsign
Stasie en Oproepsein V. d. Vent. 25/6/63. Date
Datum - 6 JUL 1963 0726.

| G.M.T. Times. Tye. | Station. Stasie. | QSA. QRK. | Traffic. Verkeer. S. O. | R. O. | Particulars of Communications. Besonderhede van Kommunikasies. | Frequency. Frekwensie. |
|---|---|---|---|---|---|---|

Beste Ben,

Baie dankie vir jou meer as welkom brief wat ons al lank gelede ontvang het en dankie ook vir al die gelukwense ons is ook jammer dat jy nie hier kon wees nie. Sonja maak ook baie seker dat ek haar nie sal vergeet nie maar nie net die fuis nie. Omtrent dr bruno furst is dit moeilik om te se of die kursus die geld werd is dit hang daarvan af of jy dit goed gaan leer en baie gaan gebruik. Ek het nou net klaar gemaak om die kursus vir dr alheis en een van ons appies te leer om myself weer op hoogte van sake te kry ek wil d.v. volgende jaar as dit moontlik is pretoria toe gaan en leer om ~~vrees~~ veeaarts te word 'n jaar voltyds. Ons was vir 3 weke in die drakensberge vir ons vakansie en het dit ook sommer baie geniet. Daar is so 'n paar fotos daarvan en ons hoop en voor jou sommer nou al uit om baie hart na jou terugkoms by ons te kom eet en 'n paar dae oor te bly sodat ons kan gesels. Die troue het baie goed afgeloop Ek is baie bly om te hoor dat jy nou al besef het dat die lewe nie net uit 'n vinnige motor kan bestaan nie. James de Jager wie van ons nuwe voorman is nadat daar ~~jaar~~ toe is se kar is nog ok maar daar se vinnige spul het sy daaroor gebrand net nadat hy in pretoria gevestig is. Hierdie informasie laat jou seker bietjie dink as jy nog nie al daarvan gehoor het nie. As jy weer terugkom sal

Page
Bladsy ..........................................

**DEPARTMENT OF TRANSPORT.—DEPARTEMENT VAN VERVOER.**

**Division of Civil Aviation.—Afdeling Burgerlugvaart.**

AERADIO BRANCH.—TAK LUGVAARTRADIO.

# TELECOMMUNICATION LOG.—TELEKOMMUNIKASIELOG.

Circuit
Kring ..........................................

Station and Callsign
Stasie en Oproepsein .......................................... Date
Datum ..........................................

| G.M.T. Times. Tye. | Station. Stasie. | QSA. QRK. | Traffic. Verkeer. S. O. | R. O. | Particulars of Communications. Besonderhede van Kommunikasies. | Frequency. Frekwensie. |
|---|---|---|---|---|---|---|

toe om hier te kom werk na al jou ondervinding sal
jy persoonlik met my moet afreken x Om jou op hoogte
van sake te bring daar is ystoor toe as vakleerling op
leier x James is ons voorman x Ole wag nie in opening
by [illegible] e.s.c. tuisibas x Manie venter is al daar x
Fred tomkin bedank nou vrydag en begin by eie besigheid x
wally pretorius is al baie lank gelede al weg x Jackie
kock van die saaf is nou hier by ons x Oberholtzer van
arge het bedank x Andy ward het bedank x (*Hammick) het
bedank x Sgt swart saaf is nou daar voorman x Abraham
en freeling gaan op 'n studie toer volgende maand europa
toe x Martiens coetzee is nou bertie se handlanger x 'n rubber
fabriek is 'n aanbou net langs ons en eric oliver is daar
aangestel as chief op R4000 min x Jan meyer is nou
in pretoria vir 30 dae opleiding en ons verwag hy sal
bedank as hy die einde van die maand terugkom x Basie
van rensen begin weer die einde van die maand hier by
ons x Nou laaste vir jou ore alleen is ek van plan
om weeraands te werk of 'n vakansie plaas te koop of
ten laaste e.s.c. toe te gaan so as jy terugkom sorg
toe om te kom werk sal jy tussen 'n klomp nuwe mense
wees met james as voorman en [illegible] as eng x Oubaas
smith vra baie na jou en belowe om te skryf ons wil
ook weet wat die moontlikheid is om jou 'n publie te

* Unable decipher handwriting

Page
Bladsy

DEPARTMENT OF TRANSPORT.—DEPARTEMENT VAN VERVOER.

Division of Civil Aviation.—Afdeling Burgerlugvaart.

AERADIO BRANCH.—TAK LUGVAARTRADIO.

# TELECOMMUNICATION LOG.—TELEKOMMUNIKASIELOG.

Circuit
Kring

Station and Callsign
Stasie en Oproepsein

Date
Datum

| G.M.T. Times. Tye. | Station. Stasie. | QSA. QRK. | Traffic. Verkeer. S. O. | R. O. | Particulars of Communications. Besonderhede van Kommunikasies. | Frequency. Frekwensie. |
|---|---|---|---|---|---|---|

stuur en wat ons alles mag stuur wat jy graag sal ontvang
of nodig het x Gee ons informasie plaas van bestelling en
jy het wat jy wil he x Hierdie is belangrik vir my
net na ek jou iets geoffer het wil ek jou vra vir enige
kop-been van enige voël of dier wat daar mag wees of
die hele geraamte as dit mooi is en volledig x En daar
'n moontlikheid is om dit by my te kry x Ek kollekteer
daardie goed en ook voël eiers x Ek sal baie bly wees
as jy 'n plan kan maak x Die getroude lewe behandel
my baie goed en inspireer my tot grootse dade x Weg
van 12 uur skofte en sosol soos dit nou is x Onthou asb
vir die pakkies skryf gou bly lekker en gesond x God
bless x Des en Sonja

P.S. Kobie gaan america toe vir verdere kennis oor hulle
nuwe stasies x